

## HOOFSTUK 10

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 10.1 Inleiding

In hoofstukke twee tot agt is daar aan die hand van 'n literatuurstudie 'n agtergrond geskep, waarteen die huidige taalstudie gedoen is. Die data van die empiriese ondersoek is in hoofstuk 9 bespreek. Afdeling 10.2 van die laaste hoofstuk bevat gevolgtrekkings gebaseer op die belangrikste aspekte wat uit beide die empiriese ondersoek, asook uit die voorafgaande literatuurstudie na vore gekom het. In verskeie gevalle word die empiriese data in die lig van die voorafgaande literatuurstudie beskou. Die hoofstuk word afgesluit met 'n aantal aanbevelings gegrond op probleemareas wat geïdentifiseer is, sowel as beperkinge en voorbehoude.

#### 10.2 Gevolgtrekkings

##### 10.2.1 Taalgebruik

Die taalhouding en persepsies van graad 12 leerders in drie Afrikaanse hoërskole is ondersoek. Al die respondente het aangetoon dat hul moedertaal Afrikaans is. Alhoewel die empiriese ondersoek uiteraard beperkinge het, omdat slegs 90 respondente uit drie skole in 'n beperkte geografiese gebied betrokke was, het daar tog sekere houdings en persepsies aan die lig gekom, wat moeilik geïgnoreer kan word. Die empiriese ondersoek bevestig die navorsing in die literatuurstudie (sien hoofstuk 1) dat die kragte wat van vroeg in die negentiende eeu af ten gunste van Engels in die Afrikaanse gemeenskap werk, al hoe sterker word. Voorts dra die algemene persepsie wat tans in Suid-Afrika bestaan, dat Engels voorkeur geniet as *lingua franca*, ook ongetwyfeld verder by tot die verskuiwing van taaltrou by die respondente (sien 6.4.3.3).

Die data van hierdie studie dui onteenseglik op 'n taalverskuiwing van Afrikaans na Engels. Van die bevindinge in hierdie studie, word ondersteun deur navorsing gedoen deur die Instituut vir Stedelike Studies van die RAU (sien 8.3), Hauptfleisch (1977, 1978, 1979 en 1983), asook De Klerk en Bosch (1998). Hierdie studies dui ook op positiewe houdings teenoor Engels en die eerste aanduidings van taalverskuiwing. Soos in die literatuurstudie aangetoon, is hierdie verskuiwing na Engels nie net merkbaar onder Afrikaanssprekendes nie, maar ook onder die sprekers van die ander inheemse tale in Suid-Afrika (sien 8.3). Soos in die literatuurstudie bespreek (sien hoofstuk 7), kan die

gevolge van hierdie verskuiwing verreikende gevolge inhou vir taal- en kultuurpatrone in Suid-Afrika.

Taalverskuiwing manifesteer gewoonlik daarin dat die hoër statustaal toenemend in meer en meer domeine buite die gesinsdomein gebruik word (sien 6.4). Wanneer daar na taalgebruik buite die gesinsdomein gekyk word, toon die data van hierdie studie dat Engels onteenseglik 'n primêre rol speel in hierdie domeine (sien byvoorbeeld hoofstuk 9, vrae 3.10, 3.12 en 3.13). Die invloed van Engels op Afrikaans moedertaalsprekers is nie net sigbaar in die breë samelewing nie, maar ook in die gesinsdomein. Al is Afrikaans die taal wat die meeste in die gesinsdomein gepraat word, toon die navorsing dat 58% van die respondente ook Engels in die huis praat (sien hoofstuk 9, vraag 2.5). Die invloed van Engels is ook duidelik te bespeur in die gedagtes en denkpatrone van sommige van die respondente (sien hoofstuk 9, vrae 3.3.5 en 3.3.6). Selfs by die uitdruk van emosies soos liefde en woede, of by die vertel van 'n grap, wanneer die respondente onder geen druk verkeer om Engels te gebruik nie, word Engels dikwels verkies (sien hoofstuk 9, vrae 3.3.2, 3.3.3 en 3.3.8).

Dit is egter opmerklik dat godsdiens die één domein is wat die minste deur Engels beïnvloed word (sien hoofstuk 9 vraag 3.3.4). Hierdie data is in ooreenstemming met die bevinding van Gal (1978), dat die godsdiens die laaste domein is waar taalverskuiwing plaasvind (sien 6.3).

Soos in 5.7 bespreek, affekteer tweetaligheid nie slegs die spraak van die individu nie, maar ook die taal self. Dit blyk uit die data dat 93% van die respondente Afrikaans en Engels meng. Dit ly geen twyfel dat hierdie vermenging kan lei tot die verswakking en agteruitgang van Afrikaans nie (sien 5.8). Hierdie vermenging kan volgens Webb (1992) (sien 5.7.1) ook 'n aanduiding van taalhouding wees.

### **10.2.2 Taalvaardighede**

Dit was by die deurgaang van die vraelyste opvallend dat 'n groot aantal respondente in al drie die skole, 'n gebrek aan algemene taalvaardighede het. In 'n groot aantal vraelyste het spel- en taalfoute voorgekom. Van die respondente kon nie hulle ouers se beroepe spel nie, byvoorbeeld seketaresse (sekretaresse), en ingeneer (ingenieur). Van die respondente het die vrae verkeerd beantwoord, wat kan dui op 'n gebrek aan begrip. Indien hierdie probleme ervaar word deur leerders wat in hulle moedertaal onderrig word,

voorspel dit niks goeds vir leerders wat in 'n tweede- of selfs derde taal onderrig word nie (sien 3.12 en 4.7). Hierdie observasie is heeltemal in ooreenstemming met navorsingsinligting verskaf deur die Universiteit van Pretoria, wat handel oor die taalvaardigheidsvlak van graad 12 leerders (sien 4.7).

Hierdie swak ontwikkelde taalvaardighede kan ongetwyfeld nadelige gevolge vir verder studie en betrokkenheid in die beroepswêreld inhou. Daar bestaan egter volgens die data nie eintlik die begeerte by die respondente om hul Afrikaanse taalvaardighede te verbeter nie. Slegs 13% van die respondente wil hul vaardighede in Afrikaans verbeter. Hierteenoor het 64% van die respondente aangetoon dat hulle hul vaardighede in Engels wil verbeter (sien hoofstuk 9, vraag 3.9). Hierdie positiewe houding teenoor die aanleer van Engels is heeltemal in ooreenstemming met die bevindings van De Villiers (1991) (sien 8.6.3.1).

Uit die redes wat die respondente aangevoer het, waarom hulle hul taalvaardighede in Engels wil verbeter, blyk dit duidelik dat die respondente beïnvloed word deur die oorheersende rol wat Engels in byvoorbeeld die besigheidswêreld, tersiêre inrigtings en die politieke bestel van Suid-Afrika speel (sien 6.4.3.3). Hierdie persepsie dat Engels die enigste taal is wat enige waarde het, hou nie net nadelige gevolge vir Afrikaans in nie, maar ook vir die Afrikatale.

### **10.2.3 Taal en onderwys**

Die taalpatroon in die onderwys soos uitgestippel in hoofstuk 3, is nog nie verbreek nie. Die gewese onderwysaalbeleid dat leerders die twee amptelike tale, naamlik Afrikaans en Engels as vakke moet neem, beïnvloed steeds die respondente se houding teenoor die ander amptelike tale. Uit die data blyk dit dan ook dat 86% van die respondente van mening is dat Afrikaans en Engels die twee amptelike tale is wat op skool aangebied moet word. Ten spyte van die regering se nuwe taal- en onderwysbeleid (sien 2.7 en 3.12), is Engels en Afrikaans steeds die enigste amptelike tale wat deur hierdie drie skole aangebied word.

By nie een van die skole word 'n Afrikataal aangebied nie. Met die uitsondering van een respondent, kan nie een van die respondente 'n gesprek in 'n ander amptelike taal as Afrikaans en Engels voer nie. Daar bestaan egter 'n duidelike behoefte in hierdie verband. Die data toon dat ongeveer 40% van die respondente te kenne gegee het dat 'n

Afrikataal (veral isiZulu), wel op skool aangebied moet word (sien hoofstuk 9 vraag 4.1). Anders as wat verwag is, is die respondente nie negatief teenoor die neem van enige taal/tale as skoolvak(ke) nie. Die data toon dat 88% van die respondente van mening is dat 'n taal of tale wel aangebied moet word (sien hoofstuk 9 vraag 4.3).

Soos in 6.4.3.4 aangetoon, is onderwys een van die vernaamste kultuurinstellings wat die groei of oorlewing van 'n taal bepaal. Die data toon dat indien die respondente die keuse het om net een taal as skoolvak te kies, slegs 51% van die respondente Afrikaans kies (sien hoofstuk 9, vraag 4.2). Hierdie verskuiwing in taaltrou kan ook gesien word uit die feit dat slegs 52% van die respondente aangetoon het dat dit vir hulle belangrik is dat hul kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word (sien hoofstuk 9, vraag 5.6). Die feit dat dit vir slegs 52% van die respondente belangrik is dat hul kinders deur middel van Afrikaans onderrig word, kan 'n duidelike aanduiding wees dat die ander respondente (48%) se kinders 'n ander moedertaal as Afrikaans sal hê. Hierdie negatiewe houding voorspel niks goeds vir die voortbestaan van Afrikaans nie en kan beslis in die toekoms die doodsklok vir Afrikaanse skole lui. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die taalhouding van Swart leerders (sien 8.3).

Die oorgrote meerderheid van die respondente (91%) is ten gunste van moedertaalonderrig. Volgens die respondente is dit makliker om in jou moedertaal te leer en moeilike konsepte te verstaan (sien hoofstuk 9 vraag 4.4). Hierdie data beklemtoon weereens die belangrikheid van moedertaalonderrig, soos bespreek in 7.4. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die data van die *Pansat* verslag, waar 90% van die respondente te kenne gegee het dat die moedertaal 'n betekenisvolle rol in die onderwysstelsel moet speel (sien 8.6.1).

Ten spyte van die respondente se voorkeur vir hulle moedertaal as onderrigtaal, het 40% van die respondente aangetoon dat hulle voel dat hulle 'n agterstand teenoor leerders het wat in Engels onderrig word (sien hoofstuk 9 vraag 4.6). Die respondente is van mening dat Engels die handelsdomein oorheers en dat Engelssprekendes voorkeur kry in die werksituasie. Sommige respondente het voorts ook die mening uitgespreek dat verdere studie bemoeilik kan word, omdat die meeste handboeke in Engels is en die universiteite self ook verengels (sien 8.6.3.1). Hierdie data toon 'n duidelike ooreenkoms met die data waar die respondente te kenne gegee het dat hulle eerder hul taalvaardighede in Engels as Afrikaans wil verbeter (sien 10.2.1).

#### 10.2.4 Die rol van die massamedia

Regeringsbeleid kan 'n taal laat kwyn. Aangesien die radio en televisie dikwels onder beheer van die staat staan, kan hierdie massamedia 'n groot invloed op taalhandhawing of taalverskuiwing uitoefen. Soos in 6.4.3.1 aangetoon, wil dit voorkom asof die massamedia in Suid-Afrika nie na behore ingespan word om die groei van die amptelike tale te verseker nie. Tans bestaan daar geen programme wat daadwerklik die aanleer van enige van die amptelike tale buiten Engels, bevorder nie. Engels speel 'n dominante rol in veral televisie- en radio-uitsendings. Die invloed hiervan is duidelik in die taalvoorkeur van die respondente sigbaar. Uit die data blyk dit byvoorbeeld dat 88% van die respondente verkies om na Engelse radiostasies te luister (sien hoofstuk 9, vraag 3.2.2). Die data toon voorts dat slegs 6% van die respondente Afrikaanse televisieprogramme verkies (sien hoofstuk 9, vraag 3.2.3). Indien daadwerklike pogings nie aangewend word om die dominante rol wat Engels in hierdie media speel, teë te werk nie, sal dit ongetwyfeld verreikende gevolge vir Afrikaans, sowel as vir die ander amptelike tale inhou.

#### 10.2.5 Die politieke bedeling

In 8.3 is aangetoon dat taalhoudings nie in 'n vakuum bestaan nie en sterk beïnvloed word deur sosiale- en politieke faktore. Uit die data blyk dit dat die huidige politieke bedeling ongetwyfeld 'n invloed uitoefen op die taalhouding van die respondente. Slegs 64% van die respondente voel altyd trots daarop om Afrikaans te praat. Die stigma wat aan Afrikaans as die taal van die onderdrukker kleef, (sien 2.6 en 8.3), kleur beslis die respondente se siening van hulle moedertaal. Hierdie stelling word gestaaf deur van die respondente se opmerkings (sien hoofstuk 9, vraag 5.1). Van die respondente is van mening dat ander mense negatief voel teenoor Afrikaners as gevolg van die politiek van die verlede. Sommige van die respondente is van mening dat Engelse mense neersien op Afrikaners. Soos bespreek in 8.3, is dit nie maklik om persepsies oor taal te verander nie, dus kan hierdie persepsies groot gevaar inhou vir die voortbestaan van Afrikaans.

Die regering en ander groot instansies se voorkeur vir Engels as *lingua franca* beïnvloed ongetwyfeld die respondente, asook die ander inwoners van die land wie se moedertale nie Engels is nie, se persepsies oor die waarde van hul moedertale (sien 6.4.3.3).

### **10.2.6 Houding teenoor Afrikaans**

Hierdie negatiewe houding ten opsigte van Afrikaans, word ook gereflekteer in die feit dat slegs 63% van die respondente van mening is dat Afrikaans 'n toekoms in Suid-Afrika het (sien hoofstuk 9, vraag 5.8). Dit blyk voorts uit die data dat dit vir slegs 61% van die respondente belangrik is dat hul kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê (sien hoofstuk 9, vraag 5.11). Alhoewel 81% van die respondente van mening is dat Afrikaans deur die regering afgeskeep word (sien hoofstuk 9, vraag 5.9), is daar soos gesien uit die bespreking van die empiriese data, nie eintlik 'n positiewe aanduiding dat die respondente self hulle taal handhaaf nie (sien byvoorbeeld hoofstuk 9 vrae 3.3.9 en 3.3.10). Hierdie negatiewe houding word verder geïllustreer deur die feit dat slegs 31% van die respondente ontevrede voel as hulle byvoorbeeld nie in 'n winkel of restaurant in Afrikaans bedien word nie. Die respondente staan klaarblyklik nie op hulle taalregte nie.

### **10.2.7 Houding teenoor kultuur**

Uit die navorsing blyk dit dat daar nie net 'n taalverskuiwing besig is om plaas te vind nie, maar ook 'n kultuurverskuiwing. Slegs 46% van die respondente is van mening dat hul kultuur vir hulle baie belangrik is. Hierdie houding word bevestig deur die feit dat slegs 27% van die respondente en/of hul ouers aan 'n kultuurorganisasie behoort (sien hoofstuk 9, vraag 5.7). Voorts het 48% van die respondente aangetoon dat hulle hul redelik, of baie tuis voel in 'n ander kultuur (sien hoofstuk 9, vrae 5.2 en 5.3). Hierdie positiewe houding teenoor ander kulture, word duidelik weerspieël in die respondente se keuse van 'n huweliksmaat.

Soos in 6.4.1.2 en 6.4.2 aangetoon, oefen huwelike tussen sprekers van verskillende tale en kulture 'n groot invloed uit op taalverskuiwing. Indien daar nie daadwerklike pogings aangewend word, deur veral die moeder om haar moedertaal aan haar kinders oor te dra nie, sal dit beslis lei tot taalverskuiwing. Soos Veltman (1983) tereg opgemerk het, sal die taal wat hoofsaaklik deur die ouers gebruik word, die moedertaal van die kind word (sien 8.3). Slegs 31% van die respondente het aangetoon dat dit vir hulle belangrik is om met iemand wat Afrikaans as moedertaal het, in die huwelik te tree. Hierdie onderliggende patrone van identiteitsverandering kan soos blyk uit die studie, implikasies vir Suid-Afrika se nasionale identiteit inhou.

### 10.2.8 Houding ten opsigte van een amptelike taal

Ten spyte van die oënskynlike gebrek aan taalhandhawing, is slegs 16% van die respondente van mening dat Suid-Afrika net een amptelike taal moet hê (sien hoofstuk 9, vraag 5.10). Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die *Pansat* verslag, waar slegs 19% van die respondente die siening huldig dat 'n enkele taal voorkeur moet geniet (sien 8.3).

### 10.2.9 Die verskil in houding tussen die drie skole

Uit die data blyk dit dat daar ten spyte van talle raakpunte, tog bepaalde houdingsverskille onder die respondente van die drie verskillende skole voorkom. Die data ten opsigte van hierdie veranderlike, kan volgens die Statistiese konsultasiediens van die Randse Afrikaanse Universiteit, egter nie as statisties beduidend beskou word nie. Die rede hiervoor, is geleë in die feit dat die steekproef nie groot genoeg was nie. Daar kan egter ten opsigte van sommige vroeë interessante neigings waargeneem word, wat beslissings nie geïgnoreer kan word nie. Enkele van die mees opvallende neigings word hier aangetoon.

- Dit wil voorkom asof skool A (hoë sosio-ekonomiese groep) se respondente nie dieselfde taaltrots as die respondente van skool B (lae sosio-ekonomiese groep) en skool C (gemengde sosio-ekonomiese groep) vertoon nie. Slegs 45% van skool A se respondente het aangetoon dat hulle altyd trots voel om Afrikaans te praat, in teenstelling met 77% van skool B en 70% van skool C se respondente (sien hoofstuk 9, vraag 5.1). Die oënskynlike gebrek aan taaltrots by skool A se manlike respondente, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar ook by van die ouers van hierdie respondente 'n gebrek aan taaltrots bestaan. Volgens die manlike respondente van skool A, moedig net 60% van hulle ouers hul aan om trots te wees op hul moedertaal, teenoor 73% van skool B se ouers en 86% van skool C se ouers (sien hoofstuk 9 vraag 5.12).
- Dit is opmerklik dat veral skool A se manlike respondente oor die algemeen 'n groter neiging tot taalverskuiwing toon. Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie van hierdie stelling. Die data toon dat 86% van skool A se manlike respondente Engels kies, indien net een amptelike taal as skoolvak gekies kan word. Die redes wat aangevoer word, is dat hulle oorsee wil studeer en werk (sien

hoofstuk 9 vraag 4.2). Dit is vir slegs 20% van skool A se manlike respondente belangrik om met iemand wat Afrikaanssprekend is in die huwelik te tree, teenoor 40% van skool B se manlike respondente en 60% van skool C se respondente. Voorts het slegs 40% van skool A se manlik respondente aangetoon dat dit vir hulle belangrik is dat hul kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê, in teenstelling met 87% van skool B se manlike respondente en 93% van skool C se manlike respondente (sien hoofstuk 9, vraag 5.11).

- Dit wil voorkom asof skool C se respondente (veral die manlike respondente) oor die algemeen meer behoudend ten opsigte van die Afrikaanse taal en -kultuur is, as die respondente van die ander twee skole.
- Die data van hierdie navorsing is in ooreenstemming met navorsing gedoen deur Hauptfleisch (1977), wat bevind het dat die hoër sosio-ekonomiese status van die ouers 'n invloed op taalkeuse het. Daar bestaan volgens Hauptfleisch (1977) 'n groter neiging tot taalverskuiwing onder respondente wat uit 'n hoër sosio-ekonomiese agtergrond kom (sien 8.6.3.1). In teenstelling met die ander skole, voel skool A se respondente hulle oor die algemeen byvoorbeeld veel tuiser in 'n ander kultuur, as die respondente wat uit 'n minder welgestelde omgewing kom (sien hoofstuk 9, vraag 5.3).

#### **10.2.10 Die verskil in houding tussen die twee geslagte**

Soos in 6.4.2 aangetoon, is dit 'n goed gedokumenteerde feit dat taalverskuiwing gewoonlik by vroue begin. Van die bevindings in hierdie navorsing is heeltemal in ooreenstemming met navorsing gedoen deur Dorian (1981), Schlieben-Lange (1977) en Gal (1979). Nie al die data ten opsigte van hierdie veranderlike, kan volgens die Statistiese konsultasiediens van die Randse Afrikaanse Universiteit, as statisties beduidend beskou word nie. Dit is egter van groot belang dat van die data, ten spyte van die beperking van die steekproef, wel aan die Pearston Chikwadraat toets voldoen. Die volgende statisties beduidende statistiek het wel aan die lig gekom:

- Op die vraag of hulle ontevrede voel, wanneer hulle byvoorbeeld in 'n winkel of restaurant nie in Afrikaans bedien word nie, het slegs 20% van die vroulike respondente geantwoord dat hulle ontevrede voel. Hierteenoor het 42% van die



manlike respondente aangetoon dat hulle ontevrede voel (sien hoofstuk 9, vraag 5.4).

- Dit is vir slegs 36% van die vroulike respondente belangrik dat hul kinders eendag deur medium van Afrikaans onderrig word, teenoor 69% van die manlike respondente (sien hoofstuk 9, vraag 5.6).
- Slegs 49% van die vroulike respondente, teenoor 73% van die manlike respondente, het aangetoon dat dit vir hulle belangrik is dat hul kinders eendag Afrikaans as huistaal sal hê (sien hoofstuk 9, vraag 5.11).

Die volgende neigings is duidelik waarneembaar:

- Meer vroulike- (49%), as manlike respondente (31%), het te kenne gegee dat hulle hul tale meng (sien hoofstuk 9, vraag 3.5).
- Die data toon dat slegs die vroulike respondente in 'n ander taal as Afrikaans en Engels 'n gesprek kan voer (sien hoofstuk 9, vraag 2.6).
- Meer vroulike respondente (33%) as manlike respondente (13%), stel belang dat Afrikatale by skole aangebied word (sien hoofstuk 9, vraag 4.1).

### 10.3 Beperkings

- i) Weens die beperkte omvang van die empiriese komponent, kan al die data nie as statisties beduidend beskou word nie. Daar kom egter baie interessante neigings voor, wat via 'n meer omvangryke empiriese studie verder ondersoek kan word.
- ii) Die insluiting van 'n skool uit 'n gemengde sosio-ekonomiese gebied, het die ontleding van die data ongetwyfeld bemoeilik. Dit het ook nie werklik bygedra tot die verryking van die studie nie. In retrospeksie sou dit beter gewees het, indien hierdie skool nie by die ondersoek ingesluit is nie.

#### 10.4 Voorbehoude

- i) Van die respondente het moontlik oorrapporteer (sien 8.2).
- ii) By sommige van die vrae (sien byvoorbeeld hoofstuk 9, vraag 2.5) was daar nie 'n aanduiding van hoe dikwels die respondent Engels in die huis praat nie. Alhoewel 58% van die respondente aangedui het dat hulle ook Engels in die huis praat, mag dit bloot per geleentheid 'n paar woorde of sinne wees. Hierdie voorbehoud geld ook vir van die ander vrae.
- iii) Die moontlikheid kan ook nie uitgesluit word, dat die respondente op hierdie Ouderdom nog onder groepsdruk verkeer om Engels te gebruik nie, omdat dit "cool" is. Hierdie oormatige gebruik van Engels mag dalk op 'n later stadium verminder.

#### 10.5 Aanbevelings

- i) Geen taalbeplanningsbeleid kan floreer, indien die taalbeplanners nie aandag skenk aan al die tale waaraan daar amptelik erkenning gegee is nie. Die degradering van die ander inheemse tale kan lei tot negatiewe taalhoudings teenoor daardie tale. Dit is van kardinale belang dat die houding van byvoorbeeld die regering, asook dié van ander groot maatskappye ten opsigte van die gebruik die ander amptelike tale, moet verander. Alleenlik dan sal die persepsie dat Engels die enigste sleutel tot sukses is, verander kan word (10.2.1).
- ii) Taal bemagtig die gebruiker. Vaardigheid in die moedertaal is net so belangrik as vaardigheid in van die ander amptelike tale. Inwoners van Suid-Afrika moet bewus gemaak word van die nuttigheidswaarde van goeie taalvaardighede in hul moedertale, sowel as in ander amptelike tale (10.2.2).
- iii) Toegevoegde tweetaligheid is van kardinale belang in 'n veeltalige land soos Suid-Afrika. In ooreenstemming met die taalbeleid vir skole, is dit van kardinale belang dat Afrikatale, veral die streektaal van daardie gebied by Blanke skole as vak aangebied moet word. Waar nodig, moet skole self die inisiatief neem om hierdie vak(ke) aan te bied. Dit sal nie net kruis-kulturele kommunikasie bevorder nie, maar ook respek vir ander tale en kulture (10.2.3).

- iv) Die skool speel 'n belangrike rol in die sosialiseringproses van die kind. Moedertaalonderrig is dus van kardinale belang om taal- en kultuurtrots aan te wakker. Multi-taal en -kulturele skole waarin Engels die voertaal is, sal bydra tot 'n taalverskuiwing na Engels. Gemeenskappe moet druk op die regering uitoefen vir die behoud en die instel van moedertaalskole vir al die amptelike tale (10.2.3).
- v) Die massamedia moet ingespan word om veeltaligheid te bevorder. Taaltrots kan nie ontwikkel as 'n taal deur die massamedia misken word nie. Meer programme wat die daadwerklike aanleer van ander amptelike tale (buiten Engels) bevorder, moet ook aangebied word (10.2.4).
- vi) Daar bestaan duidelik 'n reuse leemte in die mark vir byvoorbeeld radioprogramme, televisieprogramme, tydskrifte en koerante wat die jongmense wat nie Engels as moedertaal het nie, in hul eie moedertale aanspreek. Nie al hierdie media word deur die staat beheer nie. Dit is belangrik dat die rolspelers in hierdie verband bewus gemaak moet word van hierdie behoefte en dat dit aangespreek word. Dit sal ongetwyfeld bydra tot taaltrots, omdat hierdie tale in hoër domeine gebruik word (sien 10.2.4).
- vii) Die voortbestaan van enige taal lê in die hande van sy sprekers. Dit is duidelik dat daar opgehou praat moet word en dat gemeenskappe self moet begin optree om hul tale te ontwikkel en 'n taaltrots onder lede van die gemeenskap te kweek. 'n Omgewing moet geskep word waarin taaltrou bevorder en ondersteun word. As daar passief agteroor gesit word en vir die regering gewag word om dit te doen, sal die ander tien amptelike tale nooit verder ontwikkel nie (sien 10.2.5).
- viii) Programme moet by skole aangebied word, waarin leerders bewus gemaak word van die belangrikheid van taaltrots en wat die gevolge van 'n gebrek aan taaltrots is (10.2.6 en 10.2.7).

### **10.6 Verdere navorsing**

Johannesburg is baie kosmopolities van aard. Die omgewing waarin die respondente woon, het ongetwyfeld 'n invloed op hulle taalgebruikspatrone en taalhouding. Dit is nodig dat verdere omvattender studies uitgevoer word om vas te stel wat die taalgebruikspatrone en taalhouding van respondente in ander gebiede is.